| 25 Julie | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 27 JULIE SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Leopold van Huyssteen | Ds. Kirsten Small | Ds. Heinrich Carstens |
| Kol 2:6-7 | Lukas 11:1-13 | Lukas 11:1-13 |

LIG | DEERNIS | HOOP

## Kuierkerk




## Hangklipkerk




## Kleinmondkerk



Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is: https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir Fynbos Dienssentrum. Op **3 Augustus** dit vir **Vrouebegeleiding.**




# *Ons bid saam vir...*

*Manie Naudé (PM4), Yvonne de Vaal (KB4), Louis Muller (KB5) en Cynthia Groenewald (KP2) vir 'n spoedige herstel.*

# Program vir die week

***Kleinmond Vrouebybelstudie gedurende die week***

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 28 Julie** | ***16:30*** | *GriefShare*-kursus (Kapel) |
| | ***18:00*** | Kuierkerk Wyksraad (Kerksaal) |
| **Dinsdag 29 Julie** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***14:00*** | KK&K (Kapel) |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| **Woensdag 30 Julie** | ***11:00*** | Kleinmondkerk Wyksraad |
| | ***15:00*** | Hangklipkerk Wyksraad |
| | ***17:00*** | Hangklip Bybelskool |
| **Donderdag 31 Julie** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| **Vrydag 1 Augustus** | ***10:00*** | Herderbyeenkoms |
| | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |



## Die Eko-bediening se Bestuurspan is op soek na

'n vrywilliger

### SEKRETARESSE/-RIS

Kontak Jan by
082 414 4254
of
janmomsen@gmail.com

EKO-BEDIENING
Die aarde behoort aan die Here

---

# Dankofferbydraes



Merk asseblief jou dankofferbydrae met
**HK** vir Hangklipstreek of
**KM** vir Kleinmondstreek

---

# Ons soek asseblief bekostigbare vakansieverblyf

Makwe MISSION Quionga

vir Andre en Anna-Marie Thiart en hulle twee volwasse kinders vanaf 22 Desember 2025 tot 12 Januarie 2026.

Andre en Anna-Marie is sendelinge in Mosambiek by Makwe Mission in Quionga en word ondersteun deur Getuienisaksie van Kaapkerk.



Indien jy dalk kan help, skakel asseblief vir ds Heinrich by 083 566 1490.


Kuierkerk Wyksraad
vergader Maandag 28 Julie
om 18:00 by die Kuierkerk
Eerstelaan, Kleinmond


Kommissie vir Kerkkantoorsake &
Kommunikasie
vergader op Dinsdag 29 Julie om 14:00


Kleinmondkerk Wyksraad
Woensdag 30 Julie
om 11:00
in die TYD-ruimte


Hangklipkerk
Wyksraad
Woensdag 30 Julie om 15:00


Kerkkantoor
Kerkkantoor kontaknommers
Landlyn - 028 271 3470
WhatsApp - 076 134 7157
Die ander nommer is gekanselleer.


Herdersbyeenkoms
Vrydag 1 Augustus om 10:00 by Kleinmondkerk


Verenigde Ring van Caledon
Ringsitting - 3-4 Augustus
by Caledon Moedergemeente


Vrouebyeenkoms
Datum: Dinsdag, 5 Augustus
Tyd: 15:00
Plek: Kerksaal
Diens van Barmhartigheid


SONDAG
17 AUGUSTUS
NUWE
Intrekkersete
11:30
TYD-KUIERRUIMTE
Hou die Eerste Gelui dop vir meer inligting!







Geloof |Hoop| Liefde

Plakkers
(wit of swart) by die
kerkkantoor beskikbaar
teen R10 elk.

# Sop-sjerrie-en-sangaand snoer gemeente saam

Fanie Krige

Dit was miskien Hangklip se Sop-sjerrie-en-sangaand verlede Vrydag (18 Julie), maar sterk ondersteuning van lidmate uit Kleinmond – in die begeleidende groep en in die gehoor - het bygedra tot die gevoel van ’n gemeente wat saam kan eet, saam kan sing, en saam kan bou aan ’n gedeelde toekoms.

En dit is ‘n toekoms waarin die lidmate se hartstaal – Afrikaans – sterk staan! As enigeen van die 170 gaste al getwyfel het oor die lewenskrag van Afrikaans, sou hy of sy met ’n lied in die hart teruggekeer het huis toe. Trouens, hulle was maar traag om huiswaarts te keer en die algemene sentiment was dat soortgelyke byeenkomste gerus meer gereeld gehou kan word.

Reeds met die intrapslag het tafelversierings - velle koerantpapier, kerse en blikkies met Afrikaanse etikette as houers vir geel en groen fynbos - herinner aan grootworddae toe gedrukte dagblaaie en Sondagkoerante ’n onmisbare deel van ons bestaan was en ons taalbewustheid aangewakker het...

Sjerrie, hoewel nie meer wettig as produknaam in Suid-Afrika gebruik weens Europese handelswetgewing nie, bly ’n deel van ons kultuurerfenis. Gaste is verwelkom met ’n soet aperitief in die vorm van rooi en wit jerepiko of Old Brown — en vir diegene wat verkies, druiwesap.

Die glase is nog ’n paar keer aangevul voordat Die Vrolike Musikante die verhoog behoorlik ingeneem het: ’n ensemble bestaande uit ’n klavierspeler, ’n drommer, ’n baskitaarspeler, twee ritmekitaarspelers, ‘n trekklavier en ’n tamboeryn. Dié nuwer en voller klank van instrumente is aangevul deur ‘n sanggroep met ’n toonvariasie van sopraan tot alt, bas tot tenoor. Van die eerste noot af is daar lustig saamgesing.

Die liedjiekeuse het nie net tradisionele volksliedere ingesluit nie, maar ook verskeie gewilde onlangse snitte. Afrikaanse stemkunstenaars oor die afgelope eeu is in herinnering geroep: Al Debbo (Hasie), Sias Reynecke (Sproetjies), Lucas Maree (Victoriabaai), Randall Wicomb (Duitsweswals), David Kramer (Blokkies Joubert), Anton Goosen (My Stellenbosse nonnatjie) en Koos du Plessis (Kinders van die Wind).

## Die Soptafel: ’n Fees vir die Sintuie

Ná ongeveer 45 minute is die eerste sessie afgesluit met ’n amptelike verwelkoming en tafelgebed. Twee bedieningspunte het gesorg vir ’n flinke en soepel sopbediening.

Die sopaanbod was geurig en volop: aartappel, spek en kaas was ’n treffer, met tamatie-, bruinsop- en groentesop as smaaklike alternatiewe, asook boontjie-, ertjie, lam-en- lensie- biltong-en-bloukaas-, aartappel-, beesstert- en botterskorsiesop. ’n Verskeidenheid vars brode en konfyt het die maaltyd afgerond, met genoeg vir tweede én derde rondes.

Die gewilde bodemlose Steinbach-koffie, bedien met kondensmelk vir die gelukkiges, het die gemoedere hoog gehou.

**’n Aand van Volharding en Verbintenis**

Waar gaste normaalweg tydens die tweede sangsessie vroeg begin vertrek, het die meeste hierdie keer gebly, gevul met geesdrif, vreugde en ’n opregte liefde vir die musiek. Die aand het geëindig met uitroepe van encore en egte saamhorigheid.

Toe die laaste note stil word, het die vasbyters vinnig in helpers verander — tafels is opgevou, plastiekstoele gestoor, die sagte kerkstoele is teruggeplaas, en kort voor lank was die saal weer gereed vir die Sondagoggenddiens.

Sandra Taljaard en haar bekwame span vroue, wat verantwoordelik was vir al die reëlings, versierings en voorbereiding van die soppe, kan weer eens tevrede voel met ‘n suksesvolle onderneming.



# Eko-bediening

## Byeenkoms: Fay van Eeden

**Geloof motiveer ons om te volhard as aarde-versorgers**

Dinsdag 15 Julie 2025 17:15 Kleinmond-kerkgebou

EKO-BEDIENING

Die aarde behoort aan die Here

Met liefde gemaak deur Joanne


















Eko-bediening
VG Kerk Kleinmond + NG Kerk Kogelberg
Skoonmaakdag
H/v DF Malherbe + Hoofweg
Saterdagoggend 19 Julie 2025 8h30 -10h00
Met liefde gemaak deur Joanne








100


Dulux








Agapé Vrouebediening
VG Kerk Kleinmond + NG Kerk Kogelberg
Skulpieskuns
Saterdagmiddag 19 Julie 2025 14h00
Agapé
Met liefde gemaak deur Joanne

















Kleinmond

# Vrouebybelstudie

## Maandag 28 Julie

Sc 1-4 - **13:00** - 3de Laan 32 - Marina Oelofse

## Dinsdag 29 Julie

Sb4 - 10:15 - Kapel

Sa 3 & 4 - **13:00** - Kusweg 122 - Hester Müller

KB 6 - **15:00** - Fynbospark Kuierkamer

Bb 1 tot 4 - **15:00** - 10 de Straat 34 - Bessie van der Walt

## Woensdag 30 Julie

HK 1 & 2 - 09:30 - Kapel - 4de Laan 67

Ba 1 tot 3 - **10:00** - Azalea 3, 12 de Laan - Jaretha vd Merwe

Sb 1, 2 & 3 - **15:00** - 4 de Laan 95 - Anetter Bester

HK 3 - 10:00 - Kapel - Gladioluslaan 15 - Ananda Du Plessis

## Donderdag 31 Julie

KB 1-5 - **15:00** - Boekenhoutlaan 44

## Dinsdag 5 Augustus

KP 1 & 2 - **10:00** - Biblioteeksaal Kogelpark

## Donderdag 14 Augustus

PM 1,2, 4 & 5 - **15:00** - Alheitstraat 33 - Daphné Loots

Ons sondes en ons deugde

# Naywer

## 1. Die doodsondes

Pride, Envy, Wrath, Greed, Lust, Gluttony, Sloth
Hoogmoed, naywer/afguns, gramskap/woede, gierigheid/hebsug, wellus, gulsigheid/vraatsug, luiheid

## 2. Naywer of afguns

Jaloerse mens dink: "Ek wil dit hê." Naywerige mens dink: "Hy mag dit nie hê nie."
Naywer/afguns: Ek wil die ander persoon leed aandoen, selfs ten koste van myself, bloot omdat hy iets het wat ek reken hy nie moet hê nie.

## 3. Dink aan voorbeelde van afguns in die Bybel

3.1 Kain (Gen 4:3-8)
3.2 Josef se broers (Gen 37:3-28)
3.3 Saul (1 Sam 18:6-11)
3.4 Vals leraars (Fil 1:16-17)

## 4. Die oudste seun

4.1 Lees Lukas 15:20-32

4.2 Wat was die jongste seun se sonde?

4.3 Wat het hy besluit toe hy tussen die varke probeer oorleef?

4.4 Het hy sy plan uitgevoer?

4.5 Het sy pa hom gestraf? Wat het sy pa gedoen? Waarom dink jy het hy dit gedoen?

4.6 Terwyl almal feesvier, kom die oudste seun daar aan. Wat is sy reaksie? Waarom was hy kwaad?

4.7 Wat sê sy pa?

4.8 Wat is die seun se reaksie?

4.9 Vergelyk die twee seuns met mekaar. Watter broer se sonde is die ergste? Waarom?

4.10 Wat is die jongste se uiteinde? Wat dink jy is die oudste se uiteinde?

4.11 Afguns wil hê die ander een moet sy verdiende straf kry. Die pa se genade maak hom woedend. Geregtigheid het nie geskied nie. Is hy reg?

## 5. Waarom is ons afgunstig?

## 6. Wat sien jy as sommige van die gevolge van afguns?

## 7. Die teenpool van afguns

7.1 Lees Johannes 2:1-8

7.2 Stel jou 'n huwelik voor, baie deftig, baie mense. Maar die wyn raak op. Wat is ons reaksie as so iets gebeur?

7.3 Kyk na Maria se reaksie. Wat doen sy?

7.4 Wat is Jesus se reaksie?

## 8 Jesus se voorbeeld

8.1 Lees Lukas 23:34-35

8.2 Stel jou voor jy is in 'n soortgelyke situasie. Sal jy aan iets anders as jou pyn kan dink?

8.3 Wat doen Jesus?

## 9. Hoe om afguns te oorwin

**9.1 Begin met selfondersoek**
- Soek patrone
- Onthou wie jy in Christus is (Ps 23:1, Rom 8:15)

**9.2 Kweek dankbaarheid: 1 Kol 5: 18**
- Oefen dit doelbewus.

**9.3 Vertrou op God**
- God se genade en liefde is elke oggend nuut

**9.4 Ondersoek die Skrif**
- Werk aan 'n lys oor God se liefde..
- Werk ook aan 'n lys oor God se liefde vir alle mense.

**9.5 Lede van een liggaam**
- Ons is afhanklik van mekaar en het 'n opdrag om liefde te betoon.
- Rom 12:4-5, Rom 12:14-17, Kol 3 11-15

# Verjaarsdae!

## 26 Julie

Corné Brits (Bb 2)
Hester Claassen (KB2)
Adam Meiring 082 972 2084 (KB5)
Odette vd Merwe 082 756 1999 (Sb2)

## 27 Julie

Angelique de Wet 063 683 3852 (BB1b)
Kobus Stemmet (Bb 4)
Zoë Stemmet (Bb 4)

## 28 Julie

Charlotte Duvenage (Ba1)
Reneé Lombaard (PB2b)
Marie Rheeder (PB3)
Karl Sass (BB4)
Piet Steyn 082 771 0001 (RE)
Johannes vd Merwe 083 649 0590 (Sb2)

## 29 Julie

Lee-Ann Bates 082 742 0710 (PM5)
Riana Drury 071 535 6308 (KB2)
Renske Jacobs 083 225 4346 (Sa1)
Noël Mouton 082 786 2783 (Sc3)
Sanet Oosthuizen 082 340 9196 (Bb 1)
Japie van Wyk 083 678 6342 (Sa4)

## 30 Julie

Ronél Chambers 081 045 6365 (Sa2)
Annette Erasmus 079 494 4768 (Sc3)
Freda Maree 082 574 5954 (KB5)
Claudia Meyer 078 339 0944 (PB1)
Connie Nel 082 569 4420 (BB1b)
Henna Nel 082 572 6138 (KB2)
Helena Swart 072 296 2266 (KP1)
Caroline Theron 083 454 8496 (KB2)

## 31 Julie

Francois Brand 082 836 9884 (Sc4)
Chris Hugo 083 627 3590 (Ba1)
Rika Malan 083 994 1551 (Ba2)
Sedrick Taljaard 082 827 6074 (BB4)
Braam vd Merwe 083 404 5303 (Bb 2)
Janette van Wyk 083 663 6670 (KB5)

## 1 Augustus

Robin Lilly Halgryn (PB1)
Elmarié Kluyts 0825761209 (Sa2)

# KERKKANTOOR
## ure

| | |
|---|---|
| MAANDAG | 10:00 - 13:00 |
| DINSDAG | 10:00 - 13:00 |
| WOENSDAG | 10:00 - 13:00 |
| | 16:00 - 18:00 |
| DONDERDAG | 10:00 - 13:00 |
| VRYDAG | GESLUIT |

## KONTAKBESONDERHEDE

***Bedieningsbestuurder: Joke Venter***

info@ngkogelberg.co.za

Whatsapp: 076 134 7157

***Saakgelastigde: Elizna Hogan***

028 271 3470 fin@ngkogelberg.co.za

***Koster: Danie de Vaal***

083 670 4290




**GROEPGESPREKKE | 27 JULIE - 2 AUGUSTUS 2025**

1. **Gesels bietjie saam...**
    - Op watter manier gesels jy die lekkerste met jou vriende, kinders of kleinkinders?
    - Hou jy van WhatsApp boodskappe wat geskryf is of verkies jy dat iemand eerder vir jou 'n stemboodskap sal stuur? Hoekom?
    - As jy kan kies... sal jy eerder saam met iemand in persoon wil kuier?
    - Onthou jy nog die "gebedjies" uit jou kinderdae? Wie het vir jou daardie gebede geleer?
    - "Bid" jy nogsteeds vandag daardie gebede?

2. **Ons storie nou...**
    - Hoekom dink jy sukkel ons so om voor mekaar te bid?
    - As gebed ons belangrikste vorm van kommunikasie met God is, behoort dit dan nie vir ons natuurlik te kom nie?
    - Is gebed nie veronderstel om vir ons soos asemhaal te wees nie? Hoekom sê jy so?
    - Wat is die verskil tussen 'n gebed wat jy voor ander bid en die gebed wat jy in jou stiltetyd bid? En wat is die ooreenkoms?

3. **God se storie...**

- Lees nou weer die teksgedeelte van Lukas 11:1-13 saam deur.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Deel met mekaar iets wat jou uit Sondag se erediens geraak het.
- Gesels bietjie met mekaar oor die volgende:
    - Om God 'Vader' te noem het waarskynlik die Joodse leiers ontstel. Hoekom? Hoe het hulle oor God se Naam gevoel en gedink?
    - Jesus leer sy dissipels meer as net 'n nuwe aanspreekvorm vir God... Hy verduidelik wat ons verhouding met God is. Wat is die implikasies daarvan vir ons verhouding met die Here?
    - Hoe kan ons sy koninkryk laat kom en sy Naam heilig hou?
    - Wat is die ooreenkoms tussen die manna wat die Israeliete in die woestyn moes optel en die gebed vir ons daaglikse brood?
    - Wat is die verband tussen God se vergifnis van ons sonde en ons vergifnis van ander?

- Wat leer hierdie gedeelte ons oor gebed?
- Word alle gebede verhoor? Hoekom sê jy so? Wat het Jesus ons hieroor geleer?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Deel met mekaar julle gedagtes oor die volgende vrae:
  - Wat het jy nou weer opnuut besef of nuut geleer oor gebed uit hierdie gedeelte?
  - Jesus stel vir ons 'n voorbeeld van 'n gesonde gebedslewe.
    - Wat leer ons by Hom in hierdie gedeelte oor ons gebedslewe?
    - Hoekom het Jesus gebid?
  - Hoe kan jy volhardend bly bid? Watter praktiese dinge kan ons in plek sit om ons te help?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede te gee en bid dan saam die 'Onse Vader'.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord met die oog op Sondag 6 Julie se eredienste en oordink dit solank hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 28 Julie - Lukas 11:1-13
- Dinsdag 29 Julie - Psalm 107:1-9 & 43
- Woensdag 30 Julie - Hosea 1:2-10
- Donderdag 31 Julie - Kolossense 3:1-11
- Vrydag 1 Augustus - Lukas 12:13-21
- Saterdag 2 Augustus - Lukas 12:13-21